basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VERBRUIKERSTUDIES (PRODUKSIE VAN GEBREIDE EN GEHEKELDE ITEMS)

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2018

Hierdie riglyne bestaan uit 19 bladsye.

Copyright reserved

DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK VIR VERBRUIKERSTUDIES
PRODUKSIE VAN GEBREIDE EN GEHEKELDE ITEMS

1. INLEIDING

Die 16 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

- Tydens die praktiese assesseringstaak moet die leerder sy/haar kennis en praktiese vermoë/vaardighede demonstreer om gebreide en gehekelde artikels te produseer, met die fokus op verkoopbaarheid.
- Die praktiese assesseringstaak vir Verbruikerstudies vir graad 12 bestaan uit twee praktiese eksamens van agt uur elk.
    - **Kwartaal 2: Praktiese eksamen 1**
      Leerders sal die artikel wat hulle vir die mikro-onderneming kies, brei/hekel vir die projek in praktiese eksamen 1.
    - **Kwartaal 3: Praktiese eksamen 2**
      Leerders sal die artikel in praktiese eksamen 2 brei/hekel.

2. PUNTETOEKENNING

- Elke eksamen bestaan uit 100 punte. Die punt vir die finale praktiese assesseringstaak word verkry deur die punte vir die twee eksamens te kombineer soos hieronder aangedui.

Praktiese eksamen 1: kwartaal 2	100
Praktiese eksamen 2: kwartaal 3	100
Totaal	200 ÷ 2
Finale punt vir PAT	**100**

- Die punte vir die PAT vorm deel van die einde-van-die-jaar-assessering.
- Die provinsie sal twee aparte gerekenariseerde puntestate, een vir SGA ('SBA') en een vir die PAT voorsien. Nadat die punte ingesleutel is, moet albei puntestate deur die onderwyser, hoof en moderator geteken word.

Copyright reserved

3. VEREISTES VIR PRAKTIESE EKSAMENS

Verbruikerstudies is 'n keusevak met vyf praktiese opsies. As die skool besluit om Verbruikerstudies met die brei- en hekel- praktiese opsie as 'n vak aan te bied, is die nodige toerusting en fondse vir die PAT sowel as die gespesifiseerde getal praktiese lesse die verantwoordelikheid van die skool, soos uiteengesit in die KABV-dokument.

Maak seker van die volgende:

- 'n Geskikte klaskamer met die nodige toerusting moet beskikbaar wees: tafels; twee of meer strykplanke en strykysters; skêre (een vir elke leerder); merk- en meetgereedskap en toerusting vir brei en hekel.
- 'n Minimum van R80 tot 'n maksimum van R100 per leerder vir ELK van die twee praktiese eksamens word benodig om die artikels te maak, buiten die fondse wat benodig vir die SGA ('SBA') praktiese klasse.
- 'n Aantal leerders kan die eksamen gelyktydig aflê, na gelang van die getal werkplekke en hulpmiddels beskikbaar om die eksamen gerieflik af te lê.

4. VEREISTE TYDRAAMWERK

- 'n Tydsbestek van 8 UUR in totaal word per eksamen benodig.
- Elke eksamen sal in TWEE sessies van VIER uur elk afgelê word, met 'n breek/pouse van minstens 30 minute na twee uur OF 'n skool kan besluit om die agt uur oor TWEE DAE VAN VIER UUR PER DAG te versprei, met 'n 30-minuut-breek/pouse na twee ure.

5. OPSTEL VAN DIE EKSAMENS

5.1 Praktiese eksamen 1 (kwartaal 2): Hekel-PAT

- Hierdie praktiese eksamen **moet in die toets- en eksamenrooster vir die tweede kwartaal ingesluit word**.
- Leerders sal die artikel wat vir die mikro-onderneming (projek in kwartaal 1) gekies is, hekel. Die produksieproses, vakmanskap en verkoopbaarheid vorm 'n belangrike aspek van die eksamen.
- Die onderwyser moet EEN geskikte patroon vir die mikro-onderneming (projek kwartaal 1) identifiseer en kies. Die leerders sal hierdie artikel tydens praktiese eksamen 1 hekel.
- Onderwysers het TWEE opsies wanneer die patroon vir praktiese PAT 1 gekies word:
  - Koop 'n handelspatroon vir 'n artikel wat in 8 uur voltooi kan word met die vaardighede wat tydens die praktiese lesse vir SGA in graad 10 en 11 aangeleer is; **OF**
  - Gebruik dieselfde handelspatroon as wat tydens die praktiese klasse gebruik is en maak dieselfde artikel weer in 8 uur.
- Die artikel gekies moet 'n minimum vaardigheidskode-gewigswaarde van 100 punte hê.
- Leerders moet die artikel in praktiese eksamen 1 begin en voltooi.
- Die artikel gekies moet in 8 uur gemaak word en al die gevorderde tegnieke wat vir graad 12 geïdentifiseer is, toon.
- Na 8 uur moet die leerders hul artikels vir finale assessering ingee. Nadat die assessering voltooi is, moet die artikels aan die leerders terugbesorg word om foute reg te maak en om afronding te doen, indien nodig. Die artikels sal NIE weer nagesien word nadat verbeterings gedoen is NIE.

Copyright reserved

TEGNIEKE WAT INGESLUIT MOET WORD:

Hekeltegnieke (PAT 1)	Breitegnieke (PAT 2)
Kies EEN van die volgende patrone: • Basiese steekpatroon • Geteksture erde patroon • Kleurpatroon • Oopwerk OF Motiewe OF Geraamde vierkante OF Wielvierkante • Seskantige patroon OF Agtkantige patroon **Die volgende tegnieke is VERPLIGTEND:** • Gebruik 'n randjie om die artikel af te rond • Gebruik verskillende kleure garing/wol • Maak artikel gereed/Finale afronding	**Kies EEN van die volgende patrone** • Kabelpatroon OF Kantpatroon OF enige getekstureerde patroon **Die volgende tegnieke is VERPLIGTEND:** • Aanheg • Afheg • Rifsteek • Kousbandsteek • Koussteek • Gebruik verskillende kleure wol • Randjie om artikel af te rond • Maak artikel gereed/Finale afronding

5.2 Praktiese eksamen 2 (kwartaal 3)

- Hierdie eksamen sal plaasvind op 'n datum waarop met die moderator ooreengekom is.
- Die leerders sal oor die produksieproses, vakmanskap en die verkoopbaarheid van die artikels geassesseer word.
- 'n Tydsbestek van 8 uur in totaal word vir hierdie praktiese eksamen benodig.
- Die artikel gekies moet 'n totale vaardigheidskode-gewigswaarde van 100 punte hê.
- Die tegnieke wat per eksamen voltooi moet word, moet 'n totale gewigswaarde van 100 punte vir hierdie praktiese eksamen hê.
- Na 8 uur moet leerders hulle artikels vir finale assessering ingee. Na afloop van die assessering moet die artikels aan die leerders teruggegee word om foute reg te maak en af te rond, indien nodig. Die artikels sal NIE weer nagesien word nadat foute reggemaak is NIE.

6. VOORBEREIDING VIR DIE EKSAMEN

Die onderwyser is verantwoordelik vir die volgende:

- Bepaal die datums vir albei eksamens. Kommunikeer hierdie datums aan die bestuurspan van die skool om te verseker dat hierdie datums nie met ander skoolaktiwiteite bots nie.
- Kopieer die illustrasie(s) en instruksieblad vir elke leerder of koop vir elke leerder 'n patroon. Dit is verpligtend dat elke leerder 'n instruksieblad gebruik.
- Berei die puntestate verskaf voor met die leerders se name en hulle eksamennommers.
- Leerders moet die instruksies **een week (7 skooldae)** voor die datum van die eerste groep leerders se eksamen ontvang sodat hulle kan voorberei.
- Koop al die benodigdhede.
- Maak vir elke leerder 'n stelletjie ('kit') wat die volgende insluit:
  - **PAT 1:** Hekeltoerusting, patroon, instruksieblad, wol of garing, hekelpenne
  - **PAT 2:** Breitoerusting, instruksieblad, garing en wol, breipenne
- Deel die leerders in groepe volgens die getal leerders wat maklik in die klaskamer geakkommodeer kan word. Die getal per groep sal van die beskikbare hulpmiddels afhang.
- Berei die klaskamer vir die eksamen voor en maak seker dat klein gereedskap, bv. skêre, breinaalde, steekhouers, rytellers en wol beskikbaar is.

Copyright reserved

7. UITVOER VAN DIE EKSAMEN

7.1 Praktiese eksamen 1 in kwartaal 2: 8 uur (hekel)

- Hierdie eksamen sal plaasvind in TWEE SESSIES VAN VIER UUR ELK, met 'n 30-minuut-breek/pouse na twee uur **OF** EEN SESSIE VAN AGT UUR met 'n 30-minuut-breek/pouse na twee ure.
- Deel elke leerder se stelletjie ('kit') met hekeltoerusting, wol, garing, patrone, steekhouers, rytellers en instruksies uit.
- Die onderwyser moet toesig hou en die leerders assesseer terwyl hulle die praktiese eksamen doen en hy/sy mag NIE enige ander werk doen of die leerders op enige manier behulpsaam wees NIE.
- Die onderwyser moet praktiese eksamen 1 nasien en die punte aanteken. Nadat die artikel nagesien is, kan die leerders foute regmaak, verbeterings aanbring en die artikel voltooi. Die artikel sal NIE weer nagesien word nadat verbeterings aangebring is NIE. Nadat die verbeteringe aangebring is, word die artikels op 'n veilige plek gebêre tot die dag van praktiese eksamen 2.
- Die artikels moet na agt uur vir assessering gereed wees. Leerders sal **2 punte vir elke 5 minute wat hulle laat is**, verloor tot 'n maksimum van 20 punte.
- Slegs die onderwyser, die moderator en die kandidate mag gedurende die praktiese eksamen in die vertrek/lokaal teenwoordig wees.

7.2 Praktiese eksamen 2 in kwartaal 3: 8 uur (brei en hekel)

- Hierdie eksamen sal plaasvind in TWEE SESSIES VAN VIER UUR, met 'n 30-minuut-breek/pouse na twee uur **OF** EEN SESSIE VAN AGT UUR met 'n 30-minuut-breek/pouse na twee ure.
- Wanneer die leerders die klaskamer binnekom, ontvang hulle hul stelletjies ('kits') met die breitoerusting, wol, garing, patrone en instruksies.
- Genoeg wol/garing en skêre moet beskikbaar wees.
- Individuele leerders, onder toesig van die onderwyser, voer praktiese eksamen 2 uit.
- Die artikels moet na 8 uur vir assessering gereed wees. Leerders sal **2 punte vir elke 5 minute wat hulle laat is**, verloor tot 'n maksimum van 20 punte.
- Die onderwyser moet toesig hou en die leerders assesseer terwyl hulle die praktiese eksamen doen en hy/sy mag NIE ander werk doen of die leerders op enige manier behulpsaam wees NIE.
- Die onderwyser moet praktiese eksamen 2 nasien en die punte aanteken. Nadat die artikel nagesien is, mag die leerders foute regmaak, verbeterings aanbring en die artikels voltooi. Die artikel sal NIE weer nagesien word nadat foute reggemaak is NIE.
- Nadat verbeterings aan die artikels aangebring is, moet dit tot die dag van moderering veilig bewaar word.
- Slegs die onderwyser, die moderator en die kandidate mag gedurende praktiese eksamen 2 in die vertrek/lokaal teenwoordig wees.

8. EVALUERING

- Die onderwyser en eksterne moderator het 45 minute om die finale produkte te evalueer, die leerders se werkplekker te inspekteer en die puntestate te voltooi.
- Die leerders moet hul werkplekke na die eksamen opruim sodat die onderwyser/moderator dit vir die finale toekenning van punte kan inspekteer.

Copyright reserved

9. MODERERING VAN DIE PRAKTIESE EKSAMEN

9.1 VOOR praktiese eksamen 1

Die vakadviseur moet die volgende voor die einde van kwartaal 1 ontvang en modereer om te verseker dat die standaard van die eksamen geskik is:

- 'n Fotokopie van die patroon
- 'n Illustrasie van die artikel
- Die lys van wol/garing, kramery/ander benodigdhede, ens. wat aangekoop moet word
- Die beraamde koste per leerder
- Die voltooide oorsiglys, gekontroleer en deur die hoof geteken
- 'n Instruksieblad vir die leerders met die assesseringskriteria en puntetoekenning vir beide praktiese eksamensessies
- Die puntestate vir die PAT-sessies
- Beplanning vir praktiese eksamen 1- en praktiese eksamen 2-sessies, wat die totale gewigswaarde van tegnieke aandui

Die PAT kan nie gedoen word tensy dit deur die vakadviseur goedgekeur is nie.

9.2 OP DIE DAG VAN PRAKTIESE EKSAMEN 2

- In kwartaal 3 sal die laaste groep leerders deur die betrokke vakadviseur ekstern gemodereer word terwyl hulle die praktiese eksamen by die skool aflê.
- Die onderwyser moet die volgende vir die moderator op die dag van die moderering beskikbaar hê:
  - Al die artikels wat die leerders tydens die praktiese klasse vir SGA ('SBA') gemaak het (indien nie tydens SGA-moderering gemodereer nie)
  - Al die PAT 1-artikels van al die leerders vir verifikasie, indien hulle 'n ander artikel maak
  - Die voltooide artikels (nagesien) van al die leerders wat alreeds beide eksamens voltooi het
  - Die punte van die leerders wat alreeds die eksamen voltooi het
  - 'n Aparte stel assesseringsinstrumente vir die moderator se gebruik, met die name en eksamennommers van die leerders alreeds op die puntestaat
- Die moderator sal ses kandidate lukraak kies en die leerders onafhanklik assesseer terwyl hulle die eksamen aflê.
- Na afloop van die eksamen sal die moderator sy/haar assessering met dié van die onderwyser vergelyk. As die moderator vind dat die onderwyser se punte meer as 10% van sy/haar punte verskil, moet 'n blokverskuiwing opwaarts of afwaarts gemaak word na gelang van die verskil.
- Die gerekenariseerde puntestaat moet op die dag van moderering voltooi word.

- Die tabel hieronder toon hoe om die verskil tussen die moderator se punte en die onderwyser se punte te bepaal indien 'n aanpassing nodig is asook die aanpassingspeiling wat vereis word:

					PAT 2	
					100	
Leerder se Naam					***O**	***M**
Leerder A					84	69
Leerder B					83	70
Leerder C					68	53
Leerder D					59	44
Leerder E					49	40
Leerder F					45	40
TOTAAL					**388**	**316**
GEMIDDELDE PUNT = TOTAAL ÷ 6 (getal leerders)					**66**	**53**
VERSKIL = 66 (*O) – 53 (*M)					**13**	
AANPASSING	**AFWAARTS**		✓	**OPWAARTS**	**- 3**	

***O = Onderwyser; *M = Moderator**

- 'n Blokverskuiwing kan ook op grond van die professionele oordeel van die moderator gemaak word as die praktiese eksamen van die skool nie aan die verwagte standaard voldoen nie.
- Die moderator sal die uitslag en enige aanpassings met die onderwyser bespreek. Die finale gemodereerde punte moet dan op die gerekenariseerde puntestaat aangebring word.
- Die punte van al die leerders sal geaffekteer word as 'n aanpassing gemaak word.
- Die punte van al die leerders moet op die dag van hierdie eksamen gefinaliseer word en deur die vakadviseur en die hoof geteken word. Die gerekenariseerde puntestaat moet op die dag van moderering voltooi word.

VAARDIGHEIDSKODE-GEWIGSWAARDE VAN TEGNIEKE GEBRUIK IN BREIWERK

- Gebruik die volgende vaardigheidskode-gewigswaarde om 'n patroon vir die PAT sowel as die weeklikse praktiese lesse te kies.
- Die vaardigheidskode dui die gewigswaarde vir die tegnieke aan en NIE die puntetoekenning nie.
- Die gewigswaarde vir 'n spesifieke tegniek moet slegs EEN MAAL toegeken word.
- Die onderwyser mag 'n tegniek, wat nie hieronder aangedui word nie, byvoeg nadat dit met die vakadviseur bespreek is. Die onderwyser en vakadviseur moet dan op die gewigswaarde vir die nuwe tegniek besluit.

Vashou van breipenne en wol/garing	**10**	**Koussteek**	**10**
• Korrekte posisie in linkerhand	3	• Steke lyk soos 'n V aan die regtekant	2
• Korrekte posisie in regterhand	3	• Glad aan die regtekant	2
• Hou wol korrek in regterhand	4	• Growwer aan die aweregskant	3
		• Korrekte spanning	3
Aanheg van steke	**15**	**Riffelsteek**	**10**
• Regtekant van steke op regtekant van artikel	3	• Egalige rye wat identies aan albei kante is	4
• Alle steke deur die voorste of agterste lusse	3	• Steke moet egalig wees	3
• Korrekte spanning, nie té styf nie	3	• Korrekte spanning	3
• Steke ewe groot	3		
• Netjiese rand	3		
Afheg van steke	**15**	**Gebruik van verskillende kleure**	**10**
• Heg af in patroonsteek	3	• Aanheg van nuwe wol aan begin van 'n ry	3
• Steke is stewig, sal nie lostrek nie	3	• Weef die wol in die rand in	4
• Korrekte spanning, nie té styf nie	3	• Netjiese rand	3
• Steke ewe groot en lê in dieselfde rigting	3		
• Netjiese rand	3		
Kousbandsteek	**10**	**Volg patroon**	**10**
• Stewige struktuur wat kan rek en vorm behou	4	• Korrekte interpretasie van afkortings	3
• Egalige steke met egalige voorkoms	3	• Volg die patroon stap vir stap	2
• Growwe struktuur aan albei kante	3	• Korrekte spanning	3
		• Eindproduk soos patroon	2
Vermeerder of verminder	**10**	**Nate**	**15**
• Breiwerk trek nie styf nie	3	• Lê plat	4
• Fatsoen beïnvloed nie die patroon nie	4	• Netjies, nie baie sigbaar nie	3
• Vermeerder/Verminder op korrekte posisie	3	• Reguit naatlyne	4
		• Korrekte steek	4
Knope en knoopsgate/Vasmaakmiddels	**10**	**Sakke**	**9**
• Korrekte posisie op kledingstuk (dames regs, mans linkers)	4	• Tipe sak geskik vir kledingstuk/artikel	3
• Korrekte spasiëring	3	• Korrekte posisie	3
• Korrekte grootte/tipe knoop/vasmaakmiddel	3	• Korrekte fatsoen	3
Kleurkombinasie	**2**	**Kabelpatroon**	**10**
• Mooi kleurkombinasie	2	• Verhoogde spanning van gebreide artikel	3
		• Korrekte gebruik van kabelnaald	3
		• Kabels is identies	4
Kantpatroon	**10**	**Las van wol**	**10**
• Korrekte keuse van wol/garing	2	• Verkieslik by naatrand	3
• Korrekte spanning	4	• Korrekte metode	4
• Patroon korrek	4	• Weef wol in breiwerk in	3
Finale afronding	**10**	**Verander kleur**	**10**
• Werk skoon en netjies	4	• Spanning egalig	4
• Werk rafel nie uit nie	3	• Verander verkieslik aan begin van ry	3
• Los drade netjies weggewerk	3	• Los drade netjies weggewerk	3

VAARDIGHEIDSKODE-GEWIGSWAARDE VAN TEGNIEKE GEBRUIK IN HEKELWERK

- Gebruik die volgende vaardigheidskode-gewigswaarde om 'n patroon vir die PAT sowel as die weeklikse praktiese lesse te kies.
- Die vaardigheidskode dui die gewigswaarde vir die tegnieke aan en NIE die puntetoekenning nie.
- Die gewigswaarde vir 'n spesifieke tegniek moet slegs EEN MAAL toegeken word.
- Die onderwyser mag 'n tegniek, wat nie hieronder aangedui word nie, byvoeg nadat dit met die vakadviseur bespreek is. Die onderwyser en vakadviseur moet dan op die gewigswaarde vir die nuwe tegniek besluit.

Hou die hekelpen en garing/wol • Hekelpen in korrekte posisie • Hou garing/wol korrek vas	**5** 2 3		**Vorm 'n ringetjie** • Korrekte spanning, nie te styf nie • Steke dieselfde grootte • Egalige voorkoms	**10** 4 3 3
Hekel 'n sirkel • Korrekte spanning, nie te styf nie • Steke dieselfde grootte • Voorkoms egalig	**10** 4 3 3		**Kettingsteke** • Korrekte spanning, nie te styf nie • Steke dieselfde grootte • Voorkoms egalig	**10** 4 3 3
Glipsteek • Korrekte spanning • Steke dieselfde grootte • Vertoon egalig	10 4 3 3		**Kortbeen** • Korrekte spanning, nie te styf nie • Steke dieselfde grootte • Egalige voorkoms	10 4 3 3
Halwe langbeen • Korrekte spanning, nie te styf nie • Dieselfde grootte • Egalige voorkoms	**10** 4 3 3		**Langbeen** • Korrekte spanning, nie te styf nie • Steke dieselfde grootte • Egalige voorkoms	**10** **4** **3** **3**
Dubbelslagsteek • Korrekte spanning, nie te styf nie • Steke dieselfde grootte • Egalige voorkoms	**10** **4** **3** **3**		**Las van motiewe/dele** • Gehekel/vasgewerk • Nie te styf nie • Nie sigbaar nie • Gebruik korrekte kleur garing • Netjiese rande	**15** 3 3 3 3 3
"Granny square" • Korrekte spanning • Goeie kleur kombinasie • Netjies rande • Hoeke korrek, netjies	**15** 4 3 4 4		**Vermeerder of verminder** • Korrekte metode • Korrekte posisie • Fatsoen mag nie patroon beïnvloed nie	**10** 4 3 3
Steekpalbone • Korrekte/egalige spanning • Korrekte fatsoen/lê plat • Netjiese rande • Egalige voorkoms	**20** 5 5 5 5		**Randjie** • Korrekte breedte • Breedte geskik vir artikel • Lê plat, krul nie op nie	**10** 3 4 3
Las garing/wol • Korrekte metode • Geen los drade nie/netjies weggewerk	**5** 3 2		**Knope en knoopsgate/vasmaakmiddels** • Korrekte posisie op kledingstuk (dames regs, mans linkerkant) • Korrekte spasiëring • Korrekte grootte/tipe knoop/vasmaakmiddel	**10** 3 3 4
Spasies • Dieselfde grootte • Steke egalig • Elke rondte word met glipsteek gesluit • Begin nuwe rondte met twee/drie kettingsteke • Korrekte spanning	**15** **2** **5** **2** **2** **4**		**Ronde motief** • Sluit rondte met glipsteek • Begin nuwe rondte met twee/drie kettingsteke • Las nie sigbaar nie • Steke egalige spanning • Motief lê plat	**15** **2** **2** **3** **4** **4**
• **Finale afronding** • Werk skoon en netjies • Werk trek nie los nie • Los drade netjies weggewerk	**10** **4** **3** **3**		**Verander kleur** • Spanning egalig • Verander liefs aan begin van ry • Los drade netjies weggewerk	**10** **4** **3** **3**

ONDERWYSER SE BEPLANNING
GRAAD 12 PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE 1 EN 2

(Moet aan einde van kwartaal 1 of vroeër aan vakadviseur vir moderering voorgelê word.)

Naam van skool:
Naam van onderwyser:
Datum en tyd van eksamensessies:

TOETSE VIR PAT GRAAD 12
(Heg kopieë van patrone en instruksieblaaie aan)

PRAKTIESE EKSAMEN 1 KWARTAAL 2	
TEGNIEKE	**GEWIGSWAARDE**
TOTAAL:	

PRAKTIESE EKSAMEN 2 KWARTAAL 3	
TEGNIEKE	**GEWIGSWAARDE**
TOTAAL:	

VOORBEELD VAN ONDERWYSER SE BEPLANNING VIR AANKOPE

(Moet aan einde van kwartaal 1 of vroeër aan vakadviseur vir moderering voorgelê word.)

Totale getal leerders	Groep-nommer	Getal leerders per groep	Datums	Tyd
25	1	13	10/09/2018	08:00–12:30
	2	12	11/09/2018	08:00–12:30

Eksamen	Benodigdhede per leerder	Hoeveelheid	Getal leerders	Totaal
PAT 1	Hekelpen, 3,00 mm	1	25	25
	Wol, 50 g	1	25	25
	Wol, 50 g kontraskleur	1	25	25
	Pêrelwit glaskrale	100	25	2 500

INKOPIELYS

Benodigdhede	Hoeveelheid	Beraamde koste
Hekelpenne, 3,00 mm	25	
Wol, 50 g	25	
Wol, 50 g, kontraskleur	25	
Pêrelwit glas krale	2 500	

Beraamde koste van inkopielys:

BERAAMDE KOSTE PER LEERDER: …….....

ONDERWYSER SE BEPLANNING VIR AANKOPE

(Moet aan einde van kwartaal 1 of vroeër aan vakadviseur vir moderering voorgelê word)

Totale getal leerders	Groepe	Getal leerders per groep	Datums	Tyd

PAT 1	Benodigdhede per leerder	Getal leerders	Totaal

INKOPIELYS

Benodigdhede	Hoeveelheid	Beraamde koste

Beraamde koste van inkopielys: ……..

BERAAMDE KOSTE PER LEERDER: …….....

VERBRUIKERSTUDIES BREI- EN HEKELPRODUKSIE
PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK
OORSIGLYS VIR BEPLANNING WAT VIR MODERERING VOORGELÊ MOET WORD

SKOOL		
ONDERWYSER		
HOOF		
DATUM VOORGELÊ		
Datums van alle PAT-sessies	**Voorgestelde modereringsdatum**	**Goedgekeurde modereringsdatum**

KRITERIA	**JA/NEE**	**KOMMENTAAR DEUR MODERATOR**
Items ingesluit vir PAT 1 en 2		
'n Illustrasie van die item		
Kopie van die patroon se instruksieblad vir die leerders		
Voltooide tegnieke en gewigswaarde vir PAT 1 en PAT 2		
Assesseringskriteria vir die tegnieke		
Gevorderde tegnieke genoem vir PAT 1 en 2		
Inkopielys		
Beraamde koste per leerder		

GOEDGEKEUR/NIE GOEDGEKEUR NIE **DATUM VIR HERVOORLEGGING: _____**

Handtekeninge:

ONDERWYSER: _____ **DATUM:**_____

HOOF: _____ **DATUM:**_____

MODERATOR: _____ **DATUM:**_____

PUNTESTAAT VIR HEKELWERK PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK 1

PAT 1: HEKELWERK																
SKOOL				**LEERDERS SE NAME**												
				1	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**	**7**	**8**	**9**	**10**	**11**	**12**
DATUM																
EKSAMINATOR																
1	**PRAKTIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE** **Interpretasie van patroon** Volg patrooninstruksies, afkortings **Akkurate tegnieke** Deurgaans korrekte spanning Rande egalig Korrekte metode om steke op te stel Korrekte metode om elke steek te brei/hekel		**15** 7 2 2 2 2													
	Gebruik van toerusting Korrekte hantering van hekelpen Korrekte hantering van gareknipper/ klein skêrtjie/spelde/stopnaald		**5** 2 3													
	Volgorde van werk en doeltreffende gebruik van tyd Vermoë om realistiese werksvolgorde soos op patroon aangedui, te volg Doeltreffende gebruik van tyd		**5** 2 3													
2	**NETHEID EN EKONOMIESE GEBRUIK VAN HULPMIDDELS** **Netheid van werkplek en toerusting** Werkplek goed georganiseerd Kleiner gereedskap lê nie rond nie, hantering van toerusting na gebruik, korrekte hantering van oorskietwol/garing *(Onderwyser hou deurgaans elke leerder dop tydens die eksamen om finale punt te bepaal)*		**5** **2** 2 1													
	Persoonlike voorkoms Paslik geklee (skooldrag, skoon hande)		**5**													
	Netheid van werkplek na afloop van eksamen Toerusting korrek en veilig gebêre Werkarea netjies en skoon		**5** 2 3													
3	**PAT 1 VERKOOP-BAARHEID**	**Algemene voorkoms** Netheid van artikel en afwerking Voorgeskrewe tegnieke voltooi	**20** 10 10													
	PAT 1 VERKOOP-BAARHEID	**Vakmanskap** Steke Konstruksie Afwerking	**40** 10 20 10													
	TOTAAL		**100**													

PUNTESTAAT VIR BREI- EN HEKELWERK PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

PAT 2: BREIWERK															
SKOOL			**LEERDERS SE NAME**												
			1	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**	**7**	**8**	**9**	**10**	**11**	**12**
DATUM															
EKSAMINATOR															
1	**PRAKTIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE** **Patrooninterpretasie** Volg patrooninstruksies, afkortings **Akkurate tegnieke** Korrekte spanning gehandhaaf Rande egalig Korrekte metode om steke op te stel Korrekte metode om elke steek te brei		**15** 7 2 2 2 2												
	Gebruik van toerusting Korrekte hantering van breinaalde Korrekte hantering van gareknipper/ klein skêrtjie/spelde/stopnaald		**5** 3 2												
	Doeltreffende gebruik van tyd Vermoë om realistiese werksvolgorde soos op patroon aangedui, te volg Doeltreffende gebruik van tyd		**5** 2 3												
2	**NETHEID EN EKONOMIESE GEBRUIK VAN HULPMIDDELS** **Netheid van werkplek en toerusting** Werkplek goed georganiseerd Kleiner gereedskap lê nie rond nie, hantering van toerusting na gebruik Korrekte hantering van oorskietwol/garing *(Onderwyser hou deurgaans elke leerder dop tydens die eksamen om finale punt te bepaal)*		**5** 2 2 1												
	Persoonlike voorkoms Paslik geklee (skooldrag, skoon hande)		**5**												
	Netheid van werkplek na afloop van eksamen Toerusting korrek en veilig gebêre Werkarea netjies en skoon		**5** 2 3												
3	**PAT 2 VERKOOP-BAARHEID**	**Algemene voorkoms** Netheid van artikel Voorgeskrewe tegnieke voltooi	**20** 10 10												
	PAT 2 VERKOOP-BAARHEID	**Vakmanskap** Steke Konstruksie Afwerking	**40** 10 20 10												
	TOTAAL		**100**												

VOORBEELD VAN 'N GEBREIDE ARTIKEL VIR DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

VINGERLOSE HANDSKOENE IN RIF- EN KANTSTEEK

GEWIGSWAARDE:

TEGNIEKE	GEWIGSWAARDE
Vashou van breipenne en wol	10
Aanheg van steke	15
Kousbandsteek	10
Rifsteek	10
Verminder	10
Heg af	15
Werk van nate	10
Las van wol	10
Kwaliteit en verkoopbaarheid	10
TOTAAL:	**100**

BENODIGDHEDE:
100 g dubbelbreiwol is genoeg vir twee pare
4 mm-breipenne
Naald

AFKORTINGS:

r –brei regs
r2tes – regs twee tesame
aw – aweregs
dop – draad oor pen

PATROON (brei 2):
Heg 36 steke aan.
Ry 1–7: R2, Aw2, tot end.
Ry 8–9: R alle steke.
Ry 10 :R4, *dop, r2tes,r2. Herhaal van * tot 4 steke oorbly. R4.
Herhaal ry 10 totdat die breiwerk 13 cm lank is.
Herhaal rye 1-7. Heg steke af.
Werk die naat toe van die onderkant af, laat 'n 2.5 cm opening vir die duim voordat die rifsteek begin. Werk langs een kant van die duim opening en werk dan albei die kante vas tot aan einde Van die rifsteek. Werk los drade weg.

Copyright reserved

VOORBEELD VAN GEHEKELDE ARTIKEL VIR DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

GEHEKELDE SAKKIE

GEWIGSWAARDE:

TEGNIEK	GEWIGSWAARDE
Hou hekelpen en garing	5
Hekel 'n sirkel	10
Kettingsteek	10
Glipsteek	10
Kortbeen	10
Langbeen	10
Dubbelslagsteek	10
Picot randjie	10
Verander kleur	10
Vermeerder	10
Afronding	5
Totaal	100

BENODIGDHEDE:
Wol A: 50 g hoofkleur
Wol B: 50 g kontraskleur
Hekelpengrootte 3,00 mm

AFKORTINGS:
ks. – kettingsteek
gls – glipsteek
kb. – kortbeen
lb – langbeen
dlb – dubbelslagsteek
verm – vermeerder
st/e – steek/steke

Kopiereg voorbehou Kopiereg voorbehou

METODE:
Alle steke word in die agterste lus gewerk om 'n rif te skep.
Gebruik wol A: maak 4 ks. Sluit ring/sirkel met 'n gls in die eerste ks. (Aan einde van elke rondte sluit rondte met 'gls en begin nuwe rondte met een/twee/drie ks om eerste steek te vorm).

Rondte 1: Werk 8 kb in ring.
Rondte 2: (1 kb, verm in volgende st) vier maal (12 ste
Rondte 3: (1 kb, verm in volgende st) ses maal (18 ste)
Rondte 4: (1kb, verm in volgende st) nege maal (27 ste)
Rondte 5: (2 kb, verm in volgende st) nege maal (36 ste)
Rondte 6: 1 kb in elke st (36 ste)
Rondte 7: (3 kb, verm in volgende st) nege maal (45 ste)
Rondte 8: 1 kb in elke st (45 ste)
Rondte 9: (4 kb, verm in volgende st) nege maal (54 ste)
Rondte 10: 1 kb in elke st (54 ste)
Rondte 11: (5 kb, verm in volgende st) nege maal (63 ste)
Rondte 12: 1 kb in elke st (63 ste)
Rondte 13: 1 dlb in elke st (63 ste)
Rondte 14: *1 ks, voeg kraletjie in, 1 kb in elke ander st * herhaal (63 ste)
Rondte 15: 1 lb in elke st (63 ste)
Rondte 16: 1 kb in elke st (63 ste)
Rondte 17: *1 dlb in elke st, voeg kraletjie in, elke ander st in*, (63 sts)
Rondte 18: 1 kb in elke st (63 ste)
Rondte 19: * 1ks, 1 dlb in elke st (63 ste)
Rondte 20: 1 kb in elke st (63 ste)
Rondte 21: 1 lb in elke st (63 ste)
Rondte 22: *1 kb in elke st, voeg kraletjie in by ander kb* (63 ste)
Rondte 23: *1ks, dlb in elke ander st* (63 ste)
Rondte 24: 1 kb in elke st (63 ste)
Rondte 25: 1 lb in elke st (63 ste)
Rondte 26: *1ks, lb in elke ander st* (63 ste)
Rondte 27: 1 dlb in elke st (63 ste)
Rondte 28: *1ks, lb in elke ander st (63 ste)
Rondte 29: Dlb in elke st (63 ste)
Rondte 30: *1ks, 1 lb in elke ander st (62 ste), Heg af.

Handvatsel: Die handvatsel word gemaak deur 'n lang bandjie te maak wat deur Rondte 27 van die sakkie geryg word.
Gebruik wol B maak 200 ks
Steek hekelpen in derde ks vanaf hekelpen en werk langbene in elke steek (197 lb). Heg af.

Picot-randjie: Gebruik wol B. 1 gls in eerste steek, (5ks,gls in 3e ks vanaf hekelpen, 2ks, slaan 2st oor, 1gls in volgende st) herhaal tot einde. Heg af

Kopiereg voorbehou Kopiereg voorbehou

KRITERIA VIR TEGNIEKE WAT GEBRUIK IS:

Netheid van artikel	**Voorgeskrewe tegnieke voltooi**	**Steke**	**Konstruksie**	**Afronding**
Geen vuil merke nie/brei/hekelwerk skoon Geen los drade nie (10)	Alle tegnieke suksesvol voltooi (10)	Steke korrek Spanning van steke egalig en korrek Steke trek nie los nie Randjie netjies en egalig 10)	Konstruksie van elke tegniek volgens vereistes Verminder en vermeerder korrek gedoen Netjies aangeheg en afgeheg Goeie verhoudings (20)	Geen los drade nie (10)

Netheid van artikels, voorgeskrewe tegnieke, steke, konstruksie en afwerking:
0-1 Onaanvaarbaar, voldoen nie aan die vereistes nie, kan nie verkoop word nie
2-3 Swak, voldoen aan sommige standaarde, maar kan nie verkoop word nie
4-6 Gemiddeld, voldoen aan die meeste van die vereistes, kan verkoop word
7-8 Goed, voldoen aan al die vereistes, sal goed verkoop
9-10 Uitstekend, oortref al die vereistes, sal goed verkoop

Kopiereg voorbehou